FOKUSPUNTE

"Wie van die water gedrink het wat Ek hulle sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Die water wat Ek hulle sal gee, sal in hulle 'n fontein wees met water wat opborrel en vir hulle die ewige lewe gee." (Johannes 4:13 – 14)

Lewende water VLOEI …

V – Verhoudinge
God die Vader, Seun en Heilige Gees is in verhouding met Homself en tree ook daaruit in verhouding met Sy skepping. Hy is die diepste Bron vir die kerk se gestuurde identiteit en gerigtheid. Ons word opnuut geroep om ook in 'n verdiepte en lewende verhouding te tree met ons leefwêreld, in navolging van Christus.

L – Luister
God laat die waardes van die Seisoen van Luister nl. Deernis, Openheid, Vertroue en Leerbaarheid realiseer. As dissipels luister ons geloofsonderskeidend na Hom en na mekaar. Deur te luister steek ons grense oor en word lidmate (vroue, kinders en mans) en ander bemagtig.

O – Omgee
Ons is dankbaar vir die verskeidenheid van omgee-projekte in gemeentes en ringe wat 'n besondere hoofstuk in ons heilige verhale is. Ons konteks vra nog meer fokus en betrokkenheid by MIV/Vigs, armoede, misdaad, geweld en besoedeling. Ons gee spesiaal om vir al ons leiers op alle vlakke, asook vir die ekologie waarbinne God ons plaas om te sorg en te herskep.

E – Eenheid
Ons glo aan een heilige, algemene, Christelike kerk en ons weet dat dit sigbare gestalte moet kry. Die verbintenis aan die ideaal van eenheid in die NG Kerkfamilie en die proses van kerkhereniging word opnuut bevestig. Eenheid met ander Christelike kerke moet ook groei.

I – Inligting
Ons is dankbaar vir die goeie vloei van inligting in die sinodale gebied. 'n Effektiewe kommunikasie-strategie moet verder uitgebou word.

Waterstrome herinner ons aan die Herder wat ons bring by water waar daar rus is en aan die uitdagings wat voorlê. Ons gebed is dat die Sinode van Oos-Kaapland mag drink uit die Fontein en die Visriviere (simbole van skeiding uit die verlede) sal oorsteek.